Aan die **Katkisante**
Gereformeerde Kerk, Bellville

BYBELVERSPREIDING

- Het julle dalk 'n oupa of ouma wat graag 'n groot druk Bybel wil hê, om die Bybel makliker te kan lees?
- Het julle tuin- of huishulp 'n Bybel in die taal wat hy kan lees?
- Het julle dalk 'n maatjie wat nie sy/haar eie Bybel het nie?

Die Bybels is by die Borg-'n-Bybel kommissie beskikbaar indien julle enige evangelisasiewerk wil doen deur 'n Bybel vir iemand te gee wat nie 'n Bybel kan bekostig nie. Skryf net 'n briefie en sê vir wie jy die Bybel wil hê en hoekom. Gee die briefie vir tannie Yolande in die kerkkantoor en sy sal dit vir die regte persoon gee. As dit moontlik is verskaf ook aan ons 'n foto wanneer jy die Bybel oorhandig het vir ons kerk se Webtuiste.

Ons wil julle ook aanmoedig om pa en ma te vra vir die invordering van kleingeld in die spaarbussies. Hierdie geld word uitsluitlik gebruik om Bybels vir Bybelverspreiding aan te koop. Ons het in 2015 die bedrag van R4,286.26, op onder andere hierdie manier, ingevorder. Ons kan daarmee 85 Bybels koop en vir iemand gee wat dalk nog nooit 'n Bybel gehad het nie.

Borg-n-Bybel Kommissie
3 Februarie 2016